

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
12 September 1976

Onderwerp: Wedergeboorte
Lees: Johannes 3 verse 1 tot 8
Teks: Johannes 3 vers 7
Sing: Psalm 23 vers 1
Gesang 89 vers 3
Gesang 11 vers 6

“Broers en Susters, dit lyk of alles in ons wêreld besig is om te verbeter, behalwe die mens. In sy sedelike natuur, wat sy verhouding tot sy medemens bepaal, steel, moor, lieg, bedrieg en gryp hy. Koerantberigte is vol van moord, aanranding en verkragting. In die laaste tyd is dit onluste en onmenslikheid. Alles dui daarop dat die mens êrens gefaal het.

“Daar is nie aan te twyfel nie, dat as die mensdom gered moet word, iets radikaals gedoen moet word. Die mens staan op die rand van die afgrond. Die huidige magte wat in ons wêreld aan die opkom is, is so oorweldigend dat die mens oral in wanhoop begin roep: ‘... wat moet ek doen om gered te word?’ (Hand 16:30)

“As ons alles rondom ons beskou, dan moet ons ons onvermoë erken om deur kulturele-, morele- en opvoedkundige pogings die mens se hart te verander. Al hierdie dinge het misluk. Die mens het ook tevergeefs probeer om homself te verander deur sy omgewing te verbeter.

“In al hierdie pogings het ons die vernaamste oorsaak vir al die ellende in hierdie wêreld misgekyk, naamlik die sonde. Wat ons nou in ons ontnugtering weet, is dat die verandering van binne moet kom. Net Jesus Christus het die oplossing: ‘Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.’ (Joh 3:3)

“Jesus sou nooit so ’n stelling gemaak het, as dit nie moontlik was nie. Net Jesus Christus kan die mens radikaal en permanent van binne en van buite verander.

“Dit is opvallend dat die Heiland hierdie opmerking gemaak het teenoor Nikodémus, ’n opregte en toegeweide godsdienstige leier. ’n Mens sou verstaan het as Jesus dit gesê het vir mense met ’n behoefte aan verandering: Saggeüs, wat met bedrog sy weg na die

top van sy finansiële wêreld gebaan het; óf vir die vrou by die put wat verskeie mans aangehou het; óf vir die rower aan die kruis; óf vir die vrou wat in egbreek betrap is. Maar hier het Jesus dit gesê aan een van die grootste godsdienstige leiers van sy tyd. Nikodémus was 'n man wat twee dae per week gevas het; daaglik ure in gebed deurgebring het; en sy tiendes gegee het. Hy was 'n man wat as teologiese professor ander se lewens gevorm het.

“Jesus het vir hom gesê: Nikodémus, al hierdie dinge is nie genoeg nie. Jy moet weer gebore word. Dit het vir Nikodémus as 'n skok gekom. En Broers en Susters dit het nie net vir Nikodémus gegeld nie, maar vir alle mense, u en ek ingesluit. Ons het die wedergeboorte nodig en kan weergebore word.

“Nikodémus was ietwat verleë toe hy Jesus gevra het: ‘Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word? Hy kan tog nie 'n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie?’ (Joh 3:4) Dit was 'n natuurlike vraag wat baie seker al gevra het. Jesus het soveel van wat Nikodémus geglo het en aan vasgehou het, weggegee. Hy het uitgevind dat godsdiens nie genoeg was nie en dat die uiterlike dinge alleen nie getel het nie. Nee, hy moes wedergebore word. Hy kon die koninkryk van God nie binnegaan as hy nie hierdie nuwe lewe besit het nie.

“Tot ons skande en nadeel moet ons erken dat die moderne wêreld die boodskap van die wedergeboorte laat vaar het. Ons tyd verkondig verandering deur ontwapening, wetgewing, beter behuising, ensovoorts. Maar Broers en Susters, dit verontagsaam die een ding wat die probleme van die wêreld sal oplos: mense wat deur Jesus verander is.

“Die mens se grondprobleem is geestelik en nie maatskaplik van aard nie. Wat die mens nodig het, is 'n volkome verandering van binne. Hierdie verandering waarvan Jesus praat, word in die Bybel beskryf: ‘En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee.’ (Eség 36:26) In Handeling 16 noem Lukas dit bekering. Paulus skryf aan die Romeine en noem dit: ‘... mense wat uit die dode lewend geword het’. (Rom 6:13) Die mens is dood in sy misdade en sonde. Sy groot behoefte is Lewe.

“Broers en Susters, hierdie wedergeboorte is meer as net 'n hervorming. Die Bybel leer ons dat die mens deur die wedergeboorte 'n nuwe wêreld betree. Die verandering wat plaasvind word deur die Woord van

God deur verskillende teenstellings uitgebeeld: wellus teenoor heiligheid; duisternis teenoor lig; dood teenoor opstanding; vreemdeling in die Kerk van God teenoor 'n burger van daardie Koninkryk. Die wedergeborene word 'n lid van die huisgesin van God.

“Broers en Susters, die Bybel sê so iemand se wil het verander, sy lewensdoel, sy gesindheid en sy neigings. Sy lewe het nou sin en betekenis. Daar het 'n nuwe lewe in sy siel gekom. Hy is verander en besit 'n nuwe natuur en 'n nuwe hart.

“Broers en Susters, die groot vraag vanmôre en die belangrikste vraag wat 'n mens jousef kan afvra, is: Besit ek hierdie nuwe lewe? En indien nie, hoe kan ek dit kry?

“Die Bybel gee die antwoord. Mense wat Jesus ontmoet, verander. Die besetene van Gádara, wat nie deur kettings en voetboeie bedwing kon word nie, het Jesus ontmoet en verander. Saggeüs, die belastinggaarder wat mense bedrieg het, het Jesus ontmoet en verander. Hy was gewillig om die helfte van sy besittings vir die armes te gee. Op Pinksterdag het mense Jesus ontmoet en is die Kerk van Jesus Christus gebore. Saulus, die latere Paulus, het Jesus ontmoet en was nooit weer dieselfde nie. Hy het nooit daardie Godgegewe dag vergeet nie. Hy het geskryf: ‘Kyk, nou is dit die tyd van die welbehae; kyk, nou is die dag van heil.’ (2 Kor 6:2) Die Ewige lewe is 'n geskenk van God vir elke mens.

“Ja, die mens kan die paradys wat hy in Eden verloor het, herwin. Dit is slegs moontlik deur Jesus Christus.

“Ons enigste hoop is dat almal hierdie nuwe lewe besit. Dan sal die wêreld verander.

“Dit is God se wil dat die mens moet verander.

“Amen.”

Kommentaar:

Daar is mense wat weet op watter tydstip hulle tot bekering gekom het. Dan is daar ook mense wat in 'n Christelike huis groot geword het en nie 'n spesifieke tyd aan hulle bekering kan koppel nie. Wees gerus, moenie jou bekering bevraagteken nie.